## KEURING
## Jannie Jacobsz

Daar is weereens in Januarie 2019 'n Keurdersvergadering en opknappingskursus te Rooigras Stoet (Jan Joubert), aangebied. Alle keurders en junior keurders is genooi om die opknappingskursus by te woon. Mnr. Frikkie Combrink het junior keurders onder hande geneem t.o.v. die prosedures en kriteria van keuring. Die Senior Keurders het na afloop van die vergadering en opknappingskursus ook 'n eksamen afgelê om hulle op te skerp en op dieselfde bladsy t.o.v. keuring te plaas.

Ons het 'n nuwe stelsel op die proef gestel om alle hingste waarvoor aansoek om keuring gedoen is, deur een paneel keurders te laat evalueer. Die taak is toegeken aan Mnre. T. Pretorius, N. Jooste en S. Horn. Hulle het al die hingskeuringspunte beman om hingste te keur. Baie goeie terugvoer is ontang. Die nadeel daaraan verbonde is dat daar besonder baie kilometers afgelê is omdat die keurders almal moes reis.

Tydens al die keuringstoere van 2019, is 'n totaal 16 820 km afgelê om alle besoekpunte te kon diens. Ek wil hiermee graag die keurders bedank vir hulle onbaatsugtige dien aan, en liefde vir ons perde om dit te kon bewerkstellig.

Aan die einde van die hingskeurings, is opdrag aan die hingskeurders gegee om 'n lys saam te stel van die Top 10 hingste gekeur in 2019. Die Top 14 hingste (in geen spesifieke volgorde nie), is die volgende:

- Vlampie's Eggo Kalahari
- Voorslag Pegasus
- Sianda Casino
- Gelibar Duke's Kalant
- Lang-Carel Lusthof
- Voorslag Onassis
- Janic Nexus
- Keeversfontein Mauzer
- Keeversfontein Vrystaat
- Aandag Firefox
- Wenners Kordier
- Hanzel Hunter
- Hanzel Hot Spot
- Hanzel Hot Spice

Die totale aantal perde gekeur is 193, opgedeel soos hieronder uiteengesit.

| | MERRIES | | REUNS | | HINGSTE | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | GEKEUR | NIE GEKEUR | GEKEUR | NIE GEKEUR | GEKEUR | NIE GEKEUR |
| **MPUMALANGA** | 21 | 4 | 10 | 2 | 7 | 3 |
| **NOORD-KAAP** | 12 | 0 | 3 | 0 | 3 | 3 |
| **WES-KAAP** | 11 | 11 | 4 | 1 | 10 | 1 |
| **VRYSTAAT** | 19 | 1 | 9 | 9 | 9 | 8 |
| **GAUTENG** | 16 | 2 | 11 | 1 | 1 | 6 |
| **KZN** | 16 | 2 | 15 | 0 | 16 | 2 |
| | 95 | 20 | 52 | 13 | 46 | 23 |